NOTULE OESTERBAAI INWONERS VERGADERING GEHOU OP 2026-02-02 TE GEMEENSKAPSAAL OESTERBAAI OM 09:00

1. OPENING EN VERWELKOMING:
Riekie heet almal welkom en Ben open met gebed.

2. VERSKONINGS
Geen

3. AANVAARDING VAN NOTULE 2025-12- 08
Walter stel voor en Riekie sekondeer.

4. VERKIESING VAN AMPSDRAERS
Lede is reeds by Jaarvergdering 2025 verkies:

4.1 Voorsitter: Riekie Pienaar

4.2 Vise-Voorsitter: Johan Hennop

4.3 Tesourier: Walter Kurten

4.4 Sekretaresse: Lydia Aucamp

5. **STAANDE PUNTE**

5.1 **Werkverdeling**
Elke komitee lid van die Oesterbaai Inwoners Vereeniging weet presies wat van hom/haar verwag word.

5.1.1 **Finansies**: Ben Schellingerhout sê dat die huidige loon vir dagloners R250 is vir ‘n vol dag se werk.

5.1.2 **Watervoorsiening**: Walter meld dat daar slegs een boorpomp gewerk het die afgelope tyd. Hy moet ook die heeltyd kommunikasie met die Munisipaliteit hê anders gebeur daar niks. Boorgate bly deurentyd ‘n probleem.

5.1.3 **Omgewingsakse**
Bouwen sê Kouga het ‘n kennisgewing uitgestuur in verband met Thyspunt en Bantamsklip wandelroetes.

5.1.4 **Duine, sandmyn en sandwalle:**
Duine:
Bouwen sê Nolan het ‘n bietjie by Jack en Debbie geskraap. Hy gaan weer “sandtraps” op sit en het 2 x 100-meter rolle om mee te werk. Hy gaan sover moontlik af werk.

Sandmyn: Riekie sê dit was gedurende Desember in die Government Gazette geplaas. Sy sal verdere ondersoek instel.

5.1.5 **Openbare toilet geriewe**:
Walter sê hy het geen klagtes ontvang nie.

5.1.6 **Elektrisiteit**:
Riekie sê die krag was afgeskakel as gevolg van die brand. Dit neem ‘n ruk om al die fases weer aan te skakel. Andersins gaan dit goed.

5.1.7 **Kommunikasie: (Kwartaalverslag)**
Riekie vra dat Lydia Aucamp die Kwartaalverslag sal opstel.
Die inligting en ‘n voorbeeld sal met haar gekommunikeer word.

Walter vra dat ‘n afskrif van die notule asseblief aan Mias gestuur word. Hy sal Mias se e-pos adres vir Lydia stuur.

5.1.8 **Gemeenskapsaal**:
Walter sê hy gaan dit oorneem, asook die instandhouding. R22 000.00 is beskikbaar om die gordyne te vervang. Die gordyne kan aan ‘n stainless steel pyp opgehang word. Lydia n Marius sal die mates neem.

5.1.9 **Paaie:**
Grond paaie:
Johan Hennop sê dit help nie om die grondpaaie te kompakteer wanneer dit droog is nie. Dit moet eers natgemaak word en dan gekompakteer word anders bly die grond los. Dit moet verkieslik ook buite seisoen gedoen word.

Tuna Straat gaan in Junie/Julie 2026 geteer word.
Daar is ‘n elektriese kabel in Tornyn Straat gelê. Die kabel is nie diep genoeg gelê nie en kan in die toekoms gevaarlik raak.

Provinsiale pad:
Cheryl gee altyd terugvoer oor die Provinsiale pad. Volgens kontrak moes die kontrakteur die Humansdorp pad asook die St Francis pad tot in Oesterbaai geskraap word. Die paaie is slegs tot by die “split” geskraap. Geen verdere terugvoer kan van die Provinsiale Paaie ontvang word nie.

5.1.10 **Wetstoepassing**
Strand ry:
Desmond sê die mense moet vasgevat word. Die wetstoepassing moet aan iemand anders oorgedra word, anders gaan sy besigheid geboikot word.
Johan Hennop sê die Oesterbaai Inwoners Vereeniging moet A-polities bly en moet die oë en ore van die gemeenskap wees. Die meerderheid van die gemeenskap se opinie moet gerespekteer word.

Ter waterlating van bote:
Desmond sê hy het vir Jaques gesê hy moet die ansoek by die Munisipale Regering bring vir die ter waterlating. Riekie vra dat Desmond betrokke bly by die aansoek om toe te sien dat alles volgens die reëls gedoen word.
Walter rig ‘n versoek dat die Bestuur van die Oesterbaai Inwoners Vereeniging altyd die opinie en wense van die inwoners sal respekteer.
Desmond sal die spreekbuis van Oesterbaai bly tydens die rig van die aansoek om ter waterlating van die bote.

Trappe:
Ben sê die nuut geboude trappe word beskadig deur vol kruiwaens wat heen en weer oor die trappe gestoot word. Walter sê die Oesterbaai Inwoners Vereeniging sal geld beskikbaar stel as Ben iets kan prakseer om te verhoed dat die trappe so verniel word.

5.1.11 **Staproetes**:
Bouwen sê Slangrivier wandelroete is effens toegegroei en Vleiloerie het baie werk nodig.

5.1.12 **Algemene Instandhouding**:
Bouwen sê die muur by die ingang van Oesterbaai word gevandaliseer. Kinders breek die letters af. Hy stel voor dat die letters in die muur gevoeg word. Komitee lede word gevra om te dink aan ander voorstelle. Hy sal 'n kwotasie kry vir stainless steel letters

5.1.13 **Kersmark**:
Riekie sê die mense wat die pannekoeke in die kombuis gebak het, het die tafels in die kombuis beskadig. Al die terugvoer oor die kersmark was baie positief.

5.1.14 **Brandweer**:
Desmond sal definitief moet kyk na die boonste brandkrane. Hy vra of 'n span nie bevonds kan word om die rooikrans af te saag nie. Ben sê hy sal daadwerklik optree om die indringer plante te beveg aangesien daar reeds weer 'n brandgevaar is. Hy sal stelselmatig begin om die indringer plante uit te roei.
Desmond en Ben sal koppe bymekaar sit om 'n voorlegging aan die Komitee te doen.

5.1.15 **Umzamowethu**:
Willie sê hy sal bereid wees om die taak oor te neem. Daar is reeds 'n dwelmhandel program begin.
Ongeveer 83% van alle inwoners gebruik een of ander vorm van dwelmiddel.
Ben sê almal moet net aanhou bid vir die mense.

6. SAKE VOORTSPRUITEND

6.1 **Thyspunt (Kernkrag stasie)**
Walter sê daar is uiteenlopende opinies oor die kernkrag stasie.
Willie sê die Oesterbaai Inwoners Vereeniging moet weer eens A-polities bly. Die vraag is of Kouga Munisipaliteit die sosiale impak sal kan hanteer. Ben sê voorts baie mense reeds in Oesterbaai woon as gevolg van die natuur en die stilte.
Walter vra die Oesterbaai Inwoners Vereeniging moet besluit of hulle by die St Francis Alliansie gaan aansluit. Komitee stem en besluit om te registreer as deel van die Thyspunt Alliansie.

7. NUWE SAKE

7.1 **Advertensie borde op heining van gemeenskapsaal**:
Smhart Sekuriteit wil 'n advertensie bord op die heining van die Gemeenskapsaal aanbring. Walter sê die advertensie borde kan 'n groot inkomste vir die Oesterbaai Inwoners Vereeniging wees.
Bouwen sê alle borde sal net ewe groot moet wees, anders kan dit vinng slordig begin lyk. Hy sal iets ontwerp waarvolgens die borde aangebring moet word.

7.2 **Geskiedenis Bord van Oesterbaai**:
Anita en Hylien het reeds al die inligting met betrekking to die geskiedenis van Oesterbaai ingewin.
Willie sê hy sal alles koördineer. Ben sal met Anita skakel en kwotasies bekom vir die aanbring van die Geskiedenis Bord in die Gemeenskapsaal.
Desmond sê die inisiatief moet aan Anita en Hylien oorgelaat word.

Comment [IA1]:

8. DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING:
Datum sal aangekondig word.

9. AFSLUITING:
Riekie bedank almal vir hul teenwoordigheid.
Vergadering verdaag om 11:02.

GOEDGEKEUR: …….. **DATUM:** ……
VOORSITTER

OPGESTEL DEUR: …… **DATUM:** ……
SEKRETARESSE